# Faktore wat Mense se Houdings Teenoor die Huwelik Beïnvloed

***Prof. A. le Roux***
***H. van Rooyen***

## Synopsis

### Factors Influencing People's Attitudes to Marriage

*Marriage as an institution has always been important from a Christian scientific perspective. People's attitudes with regard to marriage have changed in many respects during recent decades. Various factors play a role in the attitudes of people towards marriage. Research has already been carried out to investigate the correlation between the following variables, and people's attitudes to marriage: age, gender, culture, religion, geographical location, education and training, own marital status, parents' marital status and conflict within the family. Only in the case of the variables of culture and religion were there no contradictory results between research studies concerning the correlation of these variables with a person's attitude to marriage. Participation in religious activities, rather than mere religious conviction, was a better predictor for a positive attitude to marriage. The necessity for Christian scientific research concerning South Africans' attitude to marriage is highlighted in this article.*

## 1. Inleiding

Verskeie artikels met die huwelik as tema vanuit 'n Christelike navorsingsperspektief, het deur die jare verskyn (onder andere in *Journal of Psychology and Theology* van die Biola Universiteit). Die hedendaagse tendense in huwelike en mense se houding teenoor die huwelik is vir die Christenwetenskaplike van kardinale belang, aangesien die huwelik 'n belangrike bousteen van die samelewing is en as 'n instelling van God gesien word (Evangelical Presbyterian Church, 2004). In Amerika het die jaarlikse aantal huwelike per 1 000 ongetroude vroue in die periode van 1970 tot 1996 met 'n derde verminder (Whitehead & Popenoe, 2001). Dieselfde tendense is in Suid-Afrika onder die verskillende bevolkings-

groepe aangetref (Amoateng, 2004). Dit is egter nie net mense se gedrag wat verander het nie, maar ook mense se houdings teenoor die huwelik. Volgens Braaten en Rosén (1998) verwys houdings teenoor die huwelik na ’n persoon se subjektiewe opinie oor die heteroseksuele huweliks-instelling.

In navorsing wat oor mense se houdings van die vyftiger tot tagtigerjare in die Verenigde State van Amerika gedoen is, is gevind dat die reëls oor lewenstyle verslap het en dat daar ’n uitbreiding van die gedrag wat as aanvaarbaar beskou word, plaasgevind het (Thornton, 1989). Daar is egter gevind dat alhoewel mense ’n groter mate van gedragsdiversiteit as aanvaarbaar beskou, daar nog steeds ’n behoefte aan die huwelik, ouerskap en gesinslewe is (Bumpass, Sweet & Cherlin, 1991; Thornton, 1989).

In die sestiger- en sewentigerjare was daar in Amerika ’n afname in negatiewe houdings teenoor enkelingskap, maar terselfdertyd ook ’n toename in negatiewe houdings teenoor die huwelik en die beperkings wat met die huwelik geassosieer word. Die tendense het by sowel mans as vroue voorgekom. In die sewentiger- en tagtigerjare was daar ’n toename in positiewe houdings teenoor die huwelik (Thornton, 1989). Verder het veranderende omstandighede in Suid-Afrika die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing genoop om ondersoek na die stand van die huwelik en die Suid-Afrikaasne gesin in te stel (cf. Amoateng, 2004). Nasionale en internasionale statistieke rakende die huwelik laat vrae met betrekking tot mense se houding teenoor die huwelik ontstaan. In die lig hiervan word faktore wat ’n rol in die vorming van houdings teenoor die huwelik speel, verder ondersoek.

## 2. Faktore wat houdings teenoor die huwelik beïnvloed

Daar is verskeie faktore wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed. Volgens Wu en Balakrishnan (1992) wil dit in die eerste plek voorkom of sosiale en ekonomiese veranderings wat op makrovlak plaasvind, houdings kan beïnvloed. Aspekte soos industrialisasie, verstedeliking, hoër opleiding, ’n afname in godsdienstigheid, ’n toename in vroue wat die werksmag betree en veranderings in etniese en taalsamestellings is faktore wat hiertoe kan bydra (Wu & Balakrishnan, 1992).

Dit is egter nie net grootskaalse veranderings wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed nie, maar ook ander faktore soos ouderdom, die huwelikstatus van die persone (Browning & Miller, 1999; King, 1999; Wu & Balakrishnan, 1992), die ouers se huwelikstatus en

gesinskonflik (Jennings, Salts & Smith, 1992; Kinnaird & Gerrard, 1986).

Browning en Miller (1999) het in Amerika in die Afro-Amerikaanse gemeenskappe ondersoek ingestel na die boodskappe wat die moeders met betrekking tot die huwelik aan hul kinders oordra. Daar is gevind dat dit nie konstante, onveranderde boodskappe is wat van die een na die ander geslag oor die huwelik oorgedra word nie, maar dat hierdie sosialiseringsproses deur mense se sosiale status beïnvloed word, veral ouderdom, huwelikstatus, beroepstatus, welsynstatus en opvoeding. Vroue van 'n hoër sosiale status is geneig om meer konserwatiewe boodskappe omtrent die huwelik aan hul kinders oor te dra, terwyl vroue van 'n laer sosiale status meer geneig sal wees om liberale boodskappe oor te dra. Soos vroue se status verhoog (byvoorbeeld dat hul ouer word, trou, opleiding kry, ensovoorts), sal hulle meer geneig wees om tradisionele boodskappe aangaande die huwelik oor te dra (Browning & Miller, 1999).

Dit is dus duidelik dat daar verskillende faktore is wat mense se houdings teenoor die huwelik kan beïnvloed. Hierdie faktore gaan vervolgens bespreek word.

### *2.1 Ouderdom*

Ouderdom is een van die faktore wat 'n rol in mense se houdings teenoor die huwelik speel (Browning & Miller, 1999; King, 1999; Wu en Balakrishnan, 1992). Die navorsing wat deur Wu en Balakrishnan (1992) in Kanada gedoen is, het gevind dat jonger vroue (18 tot 34 jaar) meer geneig was om positiewe houdings teenoor saamwoon en negatiewe houdings teenoor die huwelik te hê. Die uitsondering was vroue in die ouderdomsgroep van 18 tot 24 jaar wat positiewe houdings teenoor saamwoon en die huwelik gehad het. 'n Moontlike verklaring vir laasgenoemde bevinding is dat vroue in hierdie ouderdomskategorie nog nie die verantwoordelikhede van 'n gesin en die opvoeding van kinders ervaar het nie en dus meer idealisties teenoor die huwelik is as ouer vroue. Daar is gevind dat die ouer vroue (40 tot 49 jaar) meer geneig was om negatiewe houdings teenoor saamwoon en positiewe houdings teenoor die huwelik te hê. Vroue in die ouderdomskategorie van 35 tot 39 jaar het 'n negatiewe houding teenoor sowel saamwoon as die huwelik gehad.

In die navorsing van King (1999) wat onder Afro-Amerikaanse vroue gedoen is, is gevind dat daar 'n sterk verband tussen ouderdom en houdings teenoor die huwelik is. Ouer persone is meer geneig om positiewe houdings teenoor die huwelik te hê, terwyl jonger persone meer negatiewe houdings teenoor die huwelik het.

### 2.2 Geslag

Geslag is nog ’n faktor wat ’n invloed op mense se houdings teenoor die huwelik het. In die navorsing wat deur Starrels en Holm (2000) in Amerika gedoen is, is ondersoek ingestel na adolessente van 11 tot 16 jaar se planne en verwagtings ten opsigte van die huwelik. Meer meisies (86%) as seuns (78%) het gesê dat hulle verwag om op vier-en-twintigjarige ouderdom getroud te wees.

Die navorsing wat die invloed van geslag op houdings teenoor die huwelik ondersoek het, het teenstrydige resultate opgelewer. Volgens die navorsing wat deur Jennings *et al.*, (1992) in Amerika gedoen is, toon mans minder gunstige houdings teenoor die huwelik as vroue. Die afleiding wat deur die navorsers gemaak is, is dat alhoewel geslagsrolle die afgelope dekades baie verander het, vroue nog steeds meer waarde aan die huwelik heg as mans (Jennings *et al.*, 1992).

Die navorsing van Oropesa (1996) wat Meksikaanse Amerikaners, Puerto Rikane en blanke Amerikaners se houdings teenoor die huwelik en saamwoon ondersoek het, het egter gevind dat mans meer positief teenoor die huwelik as vroue is. ’n Moontlike verklaring hiervoor is dat die mans deur geslagsrolverdeling in die huwelik bevoordeel word, en dus meer in die voordele van die huwelik glo as vroue. Dit kan daartoe bydra dat hul houdings meer positief teenoor die huwelik is.

In navorsing wat in Suid-Afrika op matrikulante uitgevoer is, kon daar egter geen beduidende verskille tussen seuns en dogters se houdings teenoor die huwelik gevind word nie (Pretorius, 1989).

### 2.3 Kultuur

Daar is ’n toename in die belangstelling in verskillende etniese groepe se houdings teenoor die huwelik. In die navorsing deur Oropesa (1996) is daar verskille tussen Meksikaanse Amerikaners, Puerto Rikane en blanke Amerikaners se houdings teenoor die huwelik en saamwoonverhoudings gevind. Die Meksikaanse Amerikaners was die meeste ten gunste van die huwelik. Oor die algemeen was die respondente in die navorsing neutraal of ambivalent teenoor saamwoon. Die Puerto Rikane was meer aanvaardend teenoor saamwoon (met of sonder die intensie om te trou) as die blanke Amerikaners. Die Meksikaanse Amerikaners was meer verdraagsaam teenoor saamwoon as die blanke Amerikaners, maar net wanneer dit as ’n voorloper van die huwelik beskou was (Oropesa, 1996).

In Suid-Afrika is daar in die navorsing van Pretorius (1989) ondersoek ingestel na Afrikaans- en Engelssprekende matrikulante se houdings

teenoor die huwelik. Daar is egter geen beduidende verskille tussen die twee kultuurgroepe se houdings teenoor die huwelik gevind nie.

Daar is nie net houdingsverskille tussen verskillende kultuurgroepe nie, maar ook binne kultuurgroepe. King (1999) het ondersoek ingestel na swart Amerikaanse vroue se houdings teenoor die huwelik. Daar is gevind dat die vroue se houdings uiteenlopend was en deur hul demografiese agtergrond, byvoorbeeld ouderdom, huwelikstatus, opleiding en godsdienstige voorkeur beïnvloed is. Volgens King (1999) kan die uiteenlopendheid van die houdings toegeskryf word aan die feit dat die proefpersone ’n heterogene groep met verskillende lewenservarings was. Breë sosiale, ekonomiese en kulturele tendense kon ’n invloed op die vroue se houdings gehad het, omdat die vroue in verskillende tydperke grootgeword het. Dit is dus duidelik dat dit nie net kultuur is wat ’n invloed op mense se houdings teenoor die huwelik het nie, maar ook ander faktore.

In bogenoemde navorsing is daar ondersoek ingestel na die houdingsverskille tussen kultuurgroepe. Die invloed wat die verskillende kulture se houdings teenoor die huwelik op hul gedrag het, is egter ook ondersoek. Sassler en Schoen (1999) het in Amerika ondersoek ingestel na die invloed wat blanke Amerikaners en Afro-Amerikaners se houdings teenoor die huwelik op die verskille in die huwelikskoerse tussen die twee bevolkingsgroepe het, aangesien Afro-Amerikaners ’n baie laer huwelikskoers as blanke Amerikaners het. Daar is gevind dat houdings teenoor die huwelik nie die groot verskille in huwelikskoerse verklaar nie, maar eerder ekonomiese veranderlikes.

Uit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat kultuur ’n rol in mense se houdings teenoor die huwelik kan speel.

### *2.4 Godsdiens*

Vir die Christelike wetenskap is die rol wat godsdiens in mense se lewens speel van groot belang. Wanneer weggedoen word met die transendente, die religie, bring dit mee dat die gemeenskap nie meer morele besluite kan neem nie (Stoker, 2000). Daarom is godsdiens nog ’n faktor wat in ag geneem moet word by die invloed daarvan op mense se houdings teenoor die huwelik en saamwoon. Verskillende dimensies van godsdienstigheid, soos die bywoning van godsdienstige aktiwiteite, mense se verbintenis tot hul godsdienstige oortuiging en die belangrikheid van godsdiens in mense se lewens beïnvloed verskeie aspekte van die gesinslewe, onder andere die huwelik, egskeiding, saamwoonverhoudings, gesinsgrootte en voorhuwelikse geslagsomgang (Thornton, Axinn & Hill, 1992).

Thornton *et al.* (1992) het in hul navorsing ondersoek ingestel na die wedersydse effek wat godsdienstige deelname en verbintenis, en die huwelik en saamwoon op mekaar het. Daar is gevind dat jong volwassenes se godsdienstige verbintenis en deelname hul gedrag ten opsigte van saamwoon en die huwelik beïnvloed. Diegene wat minder aan godsdienstige aktiwiteite deelneem en vir wie godsdiens minder belangrik is, neig om eerder saam te woon as om te trou. Mense wat geen godsdienstige oortuiging het nie, sal ook eerder saamwoon as om te trou, in teenstelling met diegene wat wel met ’n godsdienstige groep identifiseer. Volgens Thornton *et al.* (1992) is die belangrikheid van godsdiens en die deelname aan godsdienstige aktiwiteite ’n groter determinant van saamwoon en die huwelik as godsdienstige oortuiging. Ouers se godsdienstigheid het ook ’n invloed op hul kinders se gedrag, omdat dit ’n invloed het op die belangrikheid van godsdiens vir hul kinders en die deelname aan godsdienstige aktiwiteite (Thornton *et al.*, 1992).

In soortgelyke navorsing het Thornton en Camburn (1989) ondersoek ingestel na die verband tussen adolessente se seksuele gedrag en houdings, en hul godsdienstige oortuiging en deelname. Daar is gevind dat persone wat gereeld kerk bywoon en ’n hoë waarde aan godsdiens heg, minder permissiewe houdings het, asook minder seksuele ervaring het. Die godsdienstige oortuiging het nie ’n groot rol in die persone se houdings en gedrag gespeel nie. Dit is dus duidelik dat dit eerder die bywoning van godsdienstige aktiwiteite as die spesifieke godsdienstige oortuiging is, wat persone se seksuele gedrag en houdings beïnvloed.

Dit is egter nie net godsdiens wat ’n invloed op lewenstyle het nie, maar ook lewenstyle wat mense se godsdiens beïnvloed. Daar is gevind dat mense wat saamwoon se deelname aan godsdienstige aktiwiteite verminder het (veral waar dié gedrag deur die godsdienstige organisasie afgekeur word), en dié wat getroud is sonder om saam te woon se deelname aan godsdienstige aktiwiteite verhoog het (Thornton *et al.*, 1992). Hierdie aspek is verstaanbaar as daar na die hoofstroomgelowe in die wêreld gekyk word. Die verskillende gelowe ondersteun nie saamwoon of enkelskap as alternatiewe vir die huwelik nie (Oropesa, 1996).

Godsdiens speel nie net ’n rol in mense se gedrag nie, maar ook in hul houdings teenoor die verskillende lewenstyle. Dit wil voorkom of mense wat gereeld kerkdienste bywoon meer konserwatiewe houdings teenoor die lewenstyle huldig (Wu & Balakrishnan, 1992). Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) woon min mense wat hul godsdiens uitleef,

saam. Diegene wat dit wel doen, verwag dat hulle sal trou. In die navorsing van Wu en Balakrishnan (1992) wat in Kanada gedoen is, is die faktore wat houdings teenoor die verskillende lewenstyle voorspel, ondersoek. Godsdienstigheid was die beste voorspeller van houdings teenoor saamwoon en houdings teenoor die huwelik.

### 2.5 Geografiese ligging

Die ligging waar mense bly, speel 'n rol in hul houdings teenoor saamwoon en die huwelik. Volgens Wu en Balakrishnan (1992) het Kanadese vroue in plattelandse gebiede meer konserwatiewe houdings teenoor saamwoon as vroue in stedelike gebiede. Mense in stede huldig meer liberale houdings, en daar is ook minder sanksies teen diegene wat saamwoon. Die ligging speel egter nie 'n rol in houdings teenoor die huwelik nie. Hierdie tendense kan daarop dui dat dit nie verstedeliking *per se* is wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed nie, maar faktore wat met die ligging verband hou, byvoorbeeld opleidingsgeleenthede en godsdienstigheid (Wu & Balakrishnan, 1992).

In die navorsing wat in Suid-Afrika onder matrikulante gedoen is, was daar egter geen beduidende verskille tussen matrikulante van plattelandse en stedelike gebiede se houdings teenoor die huwelik nie (Pretorius, 1989).

### 2.6 Opleiding

Opleiding is nog 'n faktor wat met mense se houdings teenoor die verskillende lewenstyle verband hou. Die navorsing wat deur Wu en Balakrishnan (1992) in Kanada uitgevoer is, het gevind dat vroue met hoër kwalifikasies meer liberale houdings teenoor saamwoon en die huwelik het as die vroue met laer kwalifikasies. Aan die ander kant toon navorsing wat deur King (1999) op Afro-Amerikaanse vroue uitgevoer is, dat vroue met 'n hoër inkomste en opvoedingsvlak meer positiewe houdings teenoor die huwelik het as vroue met 'n laer opvoedingsvlak. Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) is saamwoon in Frankryk meer algemeen by diegene met 'n hoër kwalifikasie. Huwelike is egter meer gewild onder die boere en ongeskoolde werkers.

### 2.7 Eie huwelikstatus

Mense se huwelikstatus speel 'n rol in hul houdings teenoor die huwelik en saamwoon (King, 1999; Wu & Balakrishnan, 1992). Volgens die navorsingsresultate van Wu en Balakrishnan (1992) het Kanadese vroue

wat getroud is positiewe houdings teenoor die huwelik en negatiewe houdings teenoor saamwoon. Vroue wat nog nooit getroud was nie of geskei is, het positiewe houdings teenoor saamwoon. Laastens is daar gevind dat vroue wat saamwoon positiewe houdings teenoor saamwoon en negatiewe houdings teenoor die huwelik het. Soortgelyke resultate is in die navorsing van Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) in Frankryk verkry, naamlik dat mense wat getroud is, meer positiewe houdings teenoor die huwelik het as diegene wat saamwoon. Hierdie resultate kan aan die hand van die kognitiewe dissonansieteorie verklaar word, waar mense streef om dissonansie tussen hul houdings en gedrag te vermy. In die navorsing van King (1999) is gevind dat ouer en getroude swart vroue meer positiewe houdings teenoor die huwelik het as vroue wat jonger is en nog nooit getroud was nie.

Dit wil voorkom of saamwoon mense se intensie om te trou grootliks beïnvloed. In die navorsing van Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) is drie vrae aan die persone wat saamwoon gevra, naamlik of hulle wil trou, of hulle dit verkies om eerder saam te woon sonder om die huwelik te oorweeg, en of hulle die huwelik verwerp. Daar is gevind dat 26% van die paartjies wat saamgewoon het, spoedig wou trou, 17% het beplan om na ’n proeftydperk te trou, 50% het glad nie aan trou gedink nie en 6% het die idee van ’n huwelik verwerp. Dit is dus duidelik dat slegs 43% van persone wat saamgewoon het, die intensie gehad het om te trou. Daar is verder gevind dat 50% van paartjies wat minder as 5 jaar saamgewoon het, dit oorweeg het om te trou, in vergelyking met 26% van paartjies wat meer as 5 jaar saamgewoon het. Dit blyk dus dat hoe korter die tydperk is wat paartjies saamgewoon het, hoe groter is hul begeerte om te trou (Leridon & Villeneuve-Gokalp, 1989).

### *2.8 Ouers se huwelikstatus*

Egskeiding is ’n verskynsel wat deesdae algemeen voorkom. Dit het ’n groot invloed op gesinne, en meer spesifiek op die kinders wat betrokke is. Dit wil voorkom of getroudes uit gebroke gesinne ’n hoër egskeidingsyfer het as getroudes uit intakte gesinne (Greenberg & Nay, 1982). Greenberg en Nay (1982) het twee moontlike oorsake hiervan ondersoek, naamlik dat kinders uit gebroke gesinne houdings teenoor die huwelik het wat antagonisties teenoor suksesvolle huweliksaanpassing is, en dat hulle wanaangepaste interaksiepatrone in die huwelik vertoon. Die navorsingsresultate het die eerste hipotese ondersteun.

Daar is verskeie navorsers wat die impak van ouers se huwelikstatus op hul kinders se houdings teenoor die huwelik ondersoek het. Volgens die

navorsing van Amato (1988), sowel as Stone en Hutchinson (1992) was daar nie beduidende verskille tussen studente van intakte en gebroke gesinne se houdings teenoor die huwelik nie. Ander navorsers (Landis-Kleine, Foley, Nall, Padgett & Walters-Palmer, 1995 het dieselfde resultate gekry. Hulle het gevind dat ouers se huwelikstatus nie 'n effek op die kinders se houdings teenoor die huwelik het nie. Die houdings teenoor die huwelik was oor die algemeen positief. Die navorsing van Amato (1988) het ook gevind dat daar geen verskil is tussen kinders van gebroke en intakte gesinne se houdings teenoor die voor- en nadele van enkelskap en saamwoon nie.

In teenstelling hiermee het Axinn en Thornton (1996), Jennings *et al.* (1992) asook Kinnaird en Gerrard (1986) gevind dat die ouers se huwelikstatus wel 'n invloed op kinders se houdings teenoor die huwelik het. Kinders wat uit gebroke gesinne kom se houdings teenoor die huwelik is minder positief as dié van kinders uit intakte gesinne. Hierdie resultate is in die navorsing wat deur Pretorius (1989) in Suid-Afrika uitgevoer is, bevestig. Skoliere wie se ouers geskei of vervreem was, het minder gunstige houdings teenoor die huwelik gehad as skoliere uit intakte gesinne. Volgens Kinnaird en Gerrard (1986) wil dit voorkom of jong vroue uit gebroke gesinne meer bewus is van die negatiewe aspekte van die huwelik, en dus 'n minder positiewe houding daarteenoor het. Alhoewel hulle siening van die huwelik meer realisties was, het hulle dit tog oorweeg om te trou. Die proefpersone van die gebroke sowel as intakte gesinne het ewe veel die behoefte uitgespreek om binne tien jaar getroud te wees. Axinn en Thornton (1996) het verder gevind dat kinders uit gebroke huise nie slegs meer negatiewe houdings teenoor die huwelik het nie, maar ook meer positiewe houdings teenoor saamwoon het. Die positiewe houdings teenoor saamwoon kan daarop dui dat dit as alternatief vir die huwelik beskou word.

Die meeste navorsing wat oor die invloed van ouers se huwelikstatus op hul kinders se houdings teenoor die huwelik gedoen is, gaan van die veronderstelling uit dat wanneer kinders aan egskeidings en onaangename ervarings in hul ouers se huwelike blootgestel is, hierdie ervarings hul houdings teenoor die huwelik beïnvloed. Axinn en Thornton (1996) het hierdie navorsing uitgebrei en ook gekyk na die invloed wat die ouers se houdings teenoor die huwelik op hul kinders se houdings het. Daar is met ander woorde nie net ondersoek ingestel na die direkte invloed van ouers se gedrag op hul kinders se houdings nie, maar ook na die indirekte invloed van ouers se houdings. Daar is gevind dat moeders se houdings 'n groot invloed op hul kinders se houdings het. Dit wil dus voorkom of

sowel ouers se houdings teenoor die lewenstyle, as hul huwelikstatus, hul kinders se houdings beïnvloed.

Ouers se huwelikstatus beïnvloed nie net hul kinders se houdings teenoor die huwelik nie, maar ook hul gedrag. Thornton (1991) het navorsing gedoen oor die invloed wat ouers se huweliksgeskiedenis op hul kinders se gedrag het. Daar is gevind dat kinders wat in gebroke huisgesinne grootgeword het, hoër saamwoonkoerse het as kinders uit intakte huisgesinne. Daar is egter nie ’n hoër huwelikskoers by hierdie kinders nie. Volgens Thornton (1991) is ’n moontlike verklaring hiervoor dat die kinders van gebroke huisgesinne ’n minder positiewe houding teenoor die huwelik het en meer versigtig is om te trou. Hulle is geneig om eers saam te woon, en dan later te trou.

### *2.9 Gesinskonflik*

Daar is baie navorsing gedoen oor die invloed van egskeiding op kinders se houdings teenoor die huwelik. Die vraag ontstaan egter of dit die egskeiding *per se* is wat kinders se houdings beïnvloed, en of dit die omstandighede rondom die egskeiding is wat ’n rol speel, byvoorbeeld die konflik tussen die gesinslede (Jennings *et al.*, 1992).

’n Aantal navorsers (Stone & Hutchinson, 1992) het gevind dat kinders wat in ouerhuise met baie konflik grootgeword het, se houdings teenoor die huwelik nie verskil van kinders wat nie met baie konflik grootgeword het nie. Hierdie resultate dui daarop dat hoë vlakke van konflik nie noodwendig tot minder gunstige houdings teenoor die huwelik lei nie. Alhoewel Muench en Landrum (1994) dieselfde resultate as die bogenoemde navorsers gekry het, het hulle ’n faktor geïdentifiseer wat wel ’n rol in mense se verwagtinge van die huwelik speel. Hulle het gevind dat die gesinsdinamika, en meer spesifiek die gesin se kommunikasie, die huweliksverwagtinge beïnvloed. Hoe beter die gesin se kommunikasie is, hoe meer positief is die mense se verwagtinge van die huwelik.

Ander navorsers (Jennings *et al.*, 1992; Kinnaird & Gerrard, 1986; Long, 1987) het egter gevind dat kinders wat met baie gesinskonflik grootgeword het, minder gunstige houdings teenoor die huwelik het. In die navorsing van Jennings *et al.* (1992) is daar ook ondersoek ingestel na die tydstip waarin die konflik in gebroke gesinne voorgekom het. Konflik wat ná die egskeiding voorgekom het, het nie ’n groter invloed op die proefpersone se houdings teenoor die huwelik gehad as gevalle waar die konflik slegs voor of tydens die egskeiding aangetref is nie. Dit wil dus

voorkom of die gesinskonflik die kinders se houdings teenoor die huwelik beïnvloed, ongeag wanneer die konflik voorgekom het (Jennings *et al.*, 1992). In die navorsing van Long (1987) is daar gevind dat die meisies wat hul ouers se huwelik as ongelukkig beskou het, negatiewe houdings teenoor die huwelik gehad het. Tog het die meisies met baie gesinskonflik verwag om te trou, alhoewel net later in hul lewe.

## 3. Samevatting

Verskeie faktore speel 'n rol in persone se houding teenoor die huwelik. Navorsing onder vroue het 'n meer positiewe houding teenoor die huwelik by ouer vroue gevind. Teenstrydige resultate betreffende die verband tussen geslag en houdings teenoor die huwelik is in verskillende studies gevind. Kultuur en godsdiens het beide 'n invloed op houdings teenoor die huwelik. Daar is veral 'n duidelike verband tussen persone wat meer gereeld aan godsdienstige aktiwiteite deelneem en 'n positiewe houding teenoor die huwelik. Betreffende die invloed van geografiese ligging, opleiding, eie huwelikstatus, ouers se huwelikstatus, asook gesinskonflik, het verskillende studies teenstrydige resulate opgelewer. Die huwelik en mense se houding jeens die huwelik is vir die Christen van kardinale belang. In die lig van wêreldwye veranderende houdings jeens die huwelik as goddelike instelling, asook veranderings in huweliksgedrag in die Suid-Afrikaanse konteks, is dit noodsaaklik dat navorsing gedoen word, ten einde Suid-Afrikaners se houding teenoor die huwelik te bepaal. Dit is veral noodsaaklik dat hierdie navorsingsonderwerp deur Christenwetenskaplikes aangepak word, aangesien die beoordeling vanuit 'n Christelike perspektief 'n baie belangrike onderwerp van besinning geword het.

## Bibliografie

AMATO, P.R. 1988. Parental divorce and attitudes toward marriage and family life. *Journal of Marriage and the Family,* 50: 453 - 461.

AMOATENG, A.Y. 2004. The South African Family: Continuity of Change? Presented at the HSRC Ten Years of Democracy Seminar Series. http://www.hsrc.ac.za/media/2004/8/20040805Paper2.pdf [14 November 2005]

AXINN, W.G. & THORNTON, A. 1996. The influence of parents' marital dissolutions on children's family formation attitudes. *Demography,* 33: 66 - 81.

BRAATEN, E.B. & ROSÉN, L.A. 1998. Development and validation of the Marital Attitude Scale. *Journal of Divorce and Remarriage,* 29: 83 - 91.

BROWNING, S.L. & MILLER, R.R. 1999. Marital messages. The case of black women and their children. *Journal of Family Issues,* 20: 633 - 647.

BUMPASS, L.L., SWEET, J.A. & CHERLIN, A. 1991. The role of cohabitation in declining rates of marriage. *Journal of Marriage and the Family,* 53: 913 - 927.

CRONBACH, L.J. 1951. Coefficient alpha and the internal structure of tests. *Psychometrika*, 16: 297 - 334.

EVANGELICAL PRESBYTERIAN CHURCH (2004). Position Paper on the sanctity of Marriage. http://www.epc.org/documents/SanctityofMarriage.pdf [19/05/2006]

GREENBERG, E.F. & NAY, R.W. 1982. The intergenerational transmission of marital instability reconsidered. *Journal of Marriage and the Family,* 44: 335 - 347.

JENNINGS, A.M., SALTS, C.J. & SMITH, T.A. 1992. Attitudes towards marriage: Effects of parental conflict, family structure, and gender. *Journal of Divorce and Remarriage,* 17: 67 - 79.

JOURNAL OF PSYCHOLOGY AND THEOLOGY (n.d.). Biola Univerisity. A global center for Christian thought and spiritual renewal. https://wisdom.biola.edu/jpt [19/05/2006]

KING, A.E.O. 1999. African American females' attitudes toward marriage. An exploratory study. *Journal of Black Studies,* 29: 416 - 437.

KINNAIRD, K. & GERRARD, M. 1986. Premarital sexual behavior and attitudes toward marriage and divorce among women as a function of their mothers' marital status. *Journal of Marriage and the Family*, 48: 757 - 765.

LANDIS-KLEINE, C., FOLEY, L.A., NALL, L., PADGETT, P. & WALTERS-PALMER, L. 1995. Attitudes toward marriage and divorce held by young adults. *Journal of Divorce and Remarriage,* 23: 63 - 73.

LERIDON, H. & VILLENEUVE-GOKALP, C. 1989. The new couples: Number, charateristics, and attitudes. English Selection. *Population,* 44: 203 - 235.

LONG, B.K. 1987. Perceptions of parental discord and parental separations in the United States: Effects of daughter's attitudes toward marriage and courtship. *The Journal of Social Psychology*, 6: 573 - 582.

MUENCH, D.M. & LANDRUM, R.E. 1994. Family dynamics and attitudes toward marriage. *The Journal of Psychology,* 128: 425 - 431.

OROPESA, R.S. 1996. Normative beliefs about marriage and cohabitation: A comparison of non-Latino whites, Mexican American, and Puerto Ricans. *Journal of Marriage and the Family,* 58: 49 - 62.

PRETORIUS, G.A. 1989. 'n Ondersoek na huwelikshoudings en -verwagtinge van leerlinge in hul finale skooljaar en faktore wat daarmee verband hou. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

SASSLER, S. & SCHOEN, R. 1999. The effect of attitudes and economic activity on marriage. *Journal of Marriage and the Family*, 61: 147 - 159.

STARRELS, M.E. & HOLM, K.E. 2000. Adolescents' plans for family formation: Is parental socialization important? *Journal of Marriage and the Family,* 62: 416 - 429.

STOKER, P.H. 2000. *Natuurwetenskappe in U lig - Met toespitsing op plig.* Bloemfontein: Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys.

www. vcho.za/chwet/NatWtskp.htm [22 Mei 2006]

STONE, M.K. & HUTCHINSON, R.L. 1992. Familial conflict and attitudes toward marriage. *Journal of Divorce and Remarriage,* 18: 79 - 91.

THORNTON, A. 1989. Changing attitudes toward family issues in the United States. *Journal of Marriage and the Family,* 51: 873 - 893.

THORNTON, A. 1991. Influence of the marital history of parents on the marital and cohabitational experiences of children. *American Journal of Sociology,* 96: 868 - 94.

THORNTON, A., AXINN, W.G. & HILL, D.H. 1992. Reciprocal effects of religiosity, cohabitation, and marriage. *American Journal of Sociology,* 98: 628 - 651.

THORNTON, A & CAMBURN, D. 1989. Religious participation and adolescent sexual behavior and attitudes. *Journal of Marriage and the Family,* 51: 641 - 653.

WHITEHEAD, B.D. & POPENOE, D. 2001. The state of our unions. The social health of marriage in America. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: http://marriage.rutgers.edu/TEXTSOOU2001.htm.

WU, Z. & BALAKRISHNAN, T.R. 1992. Attitudes towards cohabitation and marriage in Canada. *Journal of comparitive family studies,* 23: 1 - 12.